# DIE VRAAG NA 'N NUWE BELYDENIS, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE „PROEVE"

*Indeling:*

(a) Die kerk is met 'n belydenisroeping beklee.
(b) Die vraag na 'n nuwe belydenis.
(c) Die „Proeve" as konsep vir 'n nuwe belydenis.
(d) Die kern waarom dit steeds in die belydenis moet gaan.

## A. Die kerk is geroepe om te bely

Uit Matt. 16 : 16—18 blyk dat daar 'n allernouste verband deur Christus gelê is tussen kerk en belydenis. Die belydenis staan ook in onmiddellike verband met die bediening van die sleutelmag (vgl. vr. 84 H. Kateg.). Die belydenisroeping van die kerk word verder duidelik wanneer die apostels oor die handhawing van die suiwere leer spreek. Die kerk moet pilaar en grondslag van die waarheid wees (1 Tim. 1 : 3, 4; vgl. ook 2 Tim. 1 : 13; Titus 1 : 9—11, 13, 14; 1 Tim. 3 : 15). Die waarheid moet in objektiewe sin verstaan word — as die fides quae creditur (die rechte Lehre — Kittel). Die kerk spreek sy besinning op God se waarheid uit (Hebr. 3 : 1; 4 : 14; 10 : 23). Die belydenis moet 'n toetssteen vir die geloof wees, 'n regula fidei.

Dogmavorming is 'n essensiële deel van die kerktaak. Die Woord van God is aan die kerk toevertrou. Die kerk moet dit nie alleen bewaar nie (1 Tim. 6 : 20; 2 Tim. 1 : 12, 14), maar die kerk moet onder leiding van die Heilige Gees die Doctor ecclesiae, ook die gedagtes wat in die Godsopenbaring tot sy kennis gekom het, ontvang, sistematiseer en uitspreek as uitdrukking van sy geloof. Die Heilige Skrif leer dat die belydenis gehandhaaf moet word. Kettery moet besweer word (1 Tim. 1 : 20; vgl. 2 Tim. 2 : 16, 17; 2 Petr. 2 : 1, 2; 2 Joh. 10; Openb. 2 : 2, 14; let veral op 1 Joh. 4 : 1: Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan). Teenoor die dwaalleer is die suiwere leer gestel en die „geloof" is aan die volgende generasies oorgelewer (Judas vs. 3).

Die dogma, wat die reproduksie van die refleksie van die kerk op die waarheid van God is (nie norma normans nie, maar norma normata), raak die welstand van die kerk na binne. Die dogma is nodig (a) om die lidmate van die kerk te bring tot en te steun in die belydenis van hulle geloof. Hulle moet op hierdie manier 'n duidelike insig hê in waaraan hulle hulle moet hou. Die bestaan van die kerk dring tot simboolvorming. As vergadering van gelowiges, gelei deur die Heilige Gees, kom die kerk tot belydenis van sy geloof. Die geloof van die hart kan nie verborge bly nie. Dit is so onafwendbaar vir die kerk om tot belydenis oor te gaan, as wat dit is om 'n hewige hoesbui teë te hou. Hoe ryker die be-

sinning van die kerk, des te voller en dieper word die toon van sy belydenis. Hierdie belydenis is fundamenteel, indien dit inderdaad homologia is (nl. dieselfde dinge sê as die H. Skrif), die vrug van die werk van die Heilige Gees wat die bestaan en lewe van die kerk beheers. (b) Die dogma dien ook daartoe om die geloofseenheid onder die lede te bewaar en die ganse gemeente en ook die gesamentlike kerke te verbind in die eenheid van die ware geloof. Die eendrag in die leer word openlik betuig. (c) Die dogma is verder nodig by die toetsing van dwalinge wat in die kerk mag opkom; so besit die kerk 'n reël van die geloof. Die vasstelling van die belydenis dien daartoe om die suiwerheid van die leer te kan bewaar. 'n Kerk word spoedig 'n prooi van dwaling as hy nie wag hou oor sy belydenis nie; as die belydenis vir hom 'n dooie letter word waaraan enkeles nog getrou bly, maar wat deur die meeste teengestaan en misken word.

Die ketters het die kerk meermale gedwing om steeds dieper in die Heilige Skrif te grawe. Sonder Arius sou Athanasius sy groot lewenstaak nie volbring het nie. Sonder Donatus en Pelagius sou Augustinus sy diepgrypende beskouinge oor genade, die vrye wil, die predestinasie ens. nie uit die Woord van God opgediep het nie. So het die kettery die kerk gedwing tot sorgvuldige eksegese en ernstige besinning. Verdraagsaamheid sou hier karakterloosheid gewees het. So het die konfessies ontstaan, nie alleen as formuliere van eenheid nie, maar ook van suiwerheid. (d) Op hierdie manier word ook aan die nageslag die suiwere leer deurgegee om dit verder uit te dra, daarmee te woeker en dit uit te bou (Judas vs. 3). So word meegewerk aan die kontinuïteit van die belydenis en laat die kerk in die loop van die geskiedenis blyk wat steeds vir hom as waarheid gegeld het. Die kerk moet bely ter wille van sy eenheid, om die belydenis as herkenningsteken geskaar. Die komende geslagte moet die erfenis ken en waardeer, en as seuns in die plek van die vaders, hulle saambinding met die voorgeslag bewaar.

Vir die vervulling van die kerk se roeping na buite, in die wêreld, is dit nodig dat daar offisiële stukke moet wees waarop hy hom kan beroep as die waaragtige weergawe van wat hy as die suiwere waarheid aanvaar, as 'n belydenis nie *naas* die Skrif nie, maar *uit* die Skrif, waarin niks mag voorkom wat met die Skrif in stryd is nie, ja selfs niks wat nie aan die Skrif ontleen is nie omdat die Skrif bron en toetssteen van die belydenis is (repititio sacrae Scripturae). Waar die kerk (immers ecclesia militans!) getuig vir die waarheid en die stryd aanbind, roep dit op tot 'n beslissing. Die getuienis moet sodanig wees dat geen neutrale houding daarteenoor moontlik is nie.

## Vastigheid:

Timotheus word deur Paulus gemaan om sy pand te bewaar en die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerping van die valslik sogenaamde kennis te vermy (1 Tim. 6 : 20). Die H. Skrif spreek van die gesonde woorde, die leer wat volgens die godsaligheid is, die toevertroude pand wat bewaar moet word, en vermaan ons dat

ons die goeie, onwankelbare belydenis moet vashou en op die allerheiligste geloof moet bou (Hebr. 4 : 14; 10 : 23; 1 Tim. 6 : 3).

Die waarheid, soos in die Woord van God geopenbaar, staan vas, al verander die tye. Die statiese mag nie aan die dinamiese opgeoffer word nie. In navolging van Schleiermacher is in die 19e eeu, met sy nawerking in die 20e eeu, die nadruk gelê op die lewende, beweeglike en sig telkens vernuwende manifestasie van die geloofsrefleksie in die teologie. Die waarde en die funksie van die dogmata in hulle verhouding tot hierdie beweeglike geloof het hoogs problematies geword. Schleiermacher is geroem as die groot vernuwer van die reformatoriese tradisie teenoor die verstarde ortodoksie van die 17e en 18e eeu, wat, soos dit voorgekom het, teruggekeer het tot die outoritêre dogmabegrip van die Skolastiek.

Volgens die Heilige Skrif is die kerk geroepe om steeds pilaar en grondslag van die waarheid te wees. Die belydenis moet vasstaan; dan sal daar in die kerklike lewe Skriftuurlike vastheid en belyndheid wees. Die kontinuïteit van die Belydenis, sy vastheid, sy duursaamheid spreek ons baie sterk aan. Van Genderen stel die vraag of dit reformatories te verantwoord is om die aktualiteit bo die kontinuïteit te aksentueer. Is dit Skriftuurlik? Die kerk in die Nuwe Testament is nie belydende kerk omdat hy uitsprake oor wêreldprobleme doen nie, maar omdat hy gelowig instem met wat God in sy Woord geopenbaar het; daarom is die belydenis van die geloof nie tydgebonde nie. (J. van Genderen: De Reformatorische Belijdenis in discussie, Willem de Zwijgerstichting, 's Gravenhage, 1971, p. 15). Dit is goed om hieraan herinner te word in 'n tyd wat deur revolusionêre veranderinge gekenmerk word; wat voorheen vasgestaan het, word tans maklik in twyfel getrek. Van die nuwe gaan 'n sterk bekoring uit. In so 'n tydsklimaat moet daarteen gewaak word om nie te vergly in kerklike en konfessionele relativisme nie.

*Devaluering van die konfessie* vertoon hom orals waar die moderne Skrifkritiese teologie veld win. Die vraag dring hom ook van regsinnige kant na vore of die historiese geskrifte van 400 jaar ouderdom nog ten volle in die kerk van vandag funksioneer. Daar word gewys op vrae wat vanuit die kultuurpatroon waarin ons lewe op ons afkom, uit die maatskappy, die samelewing en uit die nuwe teologiese besinning. Dit kom voort, so word betoog, uit 'n konteks waarvan ons vaders van vier eeue gelede geen kennis gehad het nie. Hoeveel lede van die kerk het hierdie belydenisskrifte ooit gelees? En, indien wel, hoeveel het dit in hulle historiese strekking ook begryp? Baie kan hierdie historiese teologiese gedagtegange nie meer volg nie, en sou op 'n nuwe, eenvoudiger wyse hulle geloof tot uitdrukking wil bring. In die „Bezinning" by die „Proeve" word die standpunt ingeneem dat die kern en strekking van die reformatoriese geloof instemming moet bly geniet; daar is egter gedeeltes wat duidelik te doen het met die kontroverse met die Roomse en Lutherse uit die tyd van die Reformasie. Die vraag word deur H. N. Ridderbos gestel of dit altyd weer opnuut „bely" moet word. Hy verwys na wat K. Dijk sou gesê het, naamlik dat ons

veels te veel bely. Daarmee het hy, volgens Ridderbos, bedoel dat ons wat vir ons die inhoud van ons reformatoriese geloof is, nou veel korter en gekonsentreerder sou kan en moet bely as in al die vele woorde en gedagtegange van die Drie Formuliere, hoe sinvol en nodig dit alles miskien in die ou tyd ook mag gewees het.

Daarby kom, aldus Ridderbos, dat die ou konfessies in ander opsigte wellig weer *te weinig* bevat, omdat hulle uiteraard geen rekening hou of kon hou met die vrae wat vanuit „ons kultuurpatroon op ons afkom" nie. Laat ons nie die Belydenis 'n bietjie buikspreek as ons daar pasklaar antwoorde uit aflees op die vrae van vandag nie? Ondertussen moet tog ook onthou word dat 'n Belydenis nie 'n geskrif soos 'n ensiklopedie, 'n naslaanwerk is, vir allerlei kwessies, desgewens met 'n sakeregister nie. Bepaalde vrae wat bv. uit 'n nuwe teologiese insig kom en wat in die ou konfessies nie voorsien is of kon word nie, kan volgens Ridderbos nie anders behandel word as in 'n nuwe, oop besinning in die lig van die Skrif as hoogste norm en rigsnoer vir die kerk nie. Die kerk moet by konfrontasie met nuwe vraagstukke hom nie net op die Belydenis beroep nie, maar tegelykertyd laat sien dat die Belydenis in die Skrif gegrond is. Daarom moet die kerk in sy konfessie nie na „volledigheid" strewe nie. Dan sou die konfessie heel gou verouder wees. Ridderbos sê sy hart gaan uit na 'n gekonsentreerde, eenvoudige en verstaanbare getuienis waarin die kerke hulle reformatoriese geloof, soos dit in die ou konfessies uitgedruk is, op 'n onbekrompe en ondubbelsinnige wyse bely en wat diens kan doen as hoofsom of samevatting van ons algemene Christelike geloof. Van daaruit sal tot 'n nadere posisiebepaling gekom moet word waar dit nodig is. Daar moet nie meer in staan as wat vir elke gelowige as die onbetwisbare inhoud van die Evangelie moet vasstaan en aan hom kan uitgelê word nie. Die Belydenis moet die uitgangspunt wees om die vrae van hierdie tyd te kan benader.

## B. Die vraag na 'n nuwe belydenis

Daar het in die afgelope tyd stemme opgegaan wat vra na 'n nuwe Belydenis. H. Volten skrywe in 1962[1] dat in die Gereformeerde Kerken in Nederland „algemeen een *vervreemding* van de drie formulieren te constateren valt". Dit kom hierin al uit dat die Kategismusprediking alom ondergewaardeer word en dat daar blydskap is wanneer 'n predikant by 'n ruildiens in die aand vrye stof behandel. Hy verklaar dat in die katkisasie die leerstof van die kategismus nie meer voldoende by die belangstelling van die jongmense aansluit nie. Dit maak vir hulle die katkisasie — aldus Volten — „taai en vervelend" en dit het vir hulle besef „iets achterlijks". Die Drie Formuliere raak al meer onbekend, dit lewe nie in die kerk nie. Volten beskou hierdie Belydenisskrifte as verouderde dokumente in die sin dat bepaalde onderdele ons nie meer toespreek nie, dat ons problematiek gewysig is, dat ons vormgewing anders is en dat ons ook struktureel ander mense is as in die sestiende en sewentiende eeu.

Met verwysing na Oscar Cullman (Die ersten christlichen Glau-

bensbekenntnisse, p. 13) benadruk Volten die rol wat die doksologiese, gemeenskaps-, pastoraal-kategetiese, pastoraal-anti-heretiese en mondiale motief moet vervul in die weg om tot 'n nuwe Belydenis te kom.

C. Augustijn spreek in 1969 ook sy sterk hunkering na 'n „eigentijdse belijdenis" uit.[2] Hy meld dat sommige die pleit voer vir 'n nuwe belydenis waarin die kerk van vandag kan uitspreek wat volgens sy insig die kern van ons belyde is. Alle tydgebonde elemente van die ou Belydenisskrifte sou dan vanself verdwyn het. Augustijn sê dat die vraag na vore kom, of die ou drie Belydenisskrifte inderdaad ook ons geloof nog tot uitdrukking bring, al is dit dan maar in gees en in hoofsaak. Augustijn verklaar hy bedoel nie dat daar in hierdie Belydenisskrifte elemente is waarvan ons aanvoeling is dat hulle sterk tydgebonde is en dat ons dit nie meer so sou sê nie, maar in die sin dat hulle nie aangee wat die konsekwensies van ons belyde in die wêreld van vandag is nie. Hulle lê, sê hy, buite die horison van hierdie tyd. „Het lijkt mij het beste om duidelijk te zeggen dat de drie formulieren van enigheid hun tijd gehad hebben".[3] Hy vind dit 'n gunstige teken dat hierdie Belydenisskrifte in die kerk van vandag in die praktyk maar 'n baie klein plekkie inneem.

J. H. van Wyk[4] wys op die polemiese, pneumatologies-eksegetiese, missiologiese, ekumeniese en konfessionele motief wat by die vraag na 'n nuwe Belydenis meespreek, en kom tot die slotsom: „Die kerk het dit in die verlede nodig geag om tot meerdere belydenisfiksering oor te gaan en die kerk sal in die toekoms onder leiding van die Gees moet oordeel wanneer die tyd weer daarvoor ryp is en op welke wyse dit voltrek behoort te word".

Karl Barth skrywe: „Eine Kirche die heute bekennen wollte, müszte den Mut haben, ihre vorläufig uns der Schrift gewonnene Einsicht von den Lebensproblemen, die heute ihre Glieder drücken, auszusprechen, nicht erst dreizig Jahre zu spät". (Die Theologie und die Kirche, p. 102).

Dit is vir ons duidelik dat Belydenisskrifte nie asof op lopende band gefabriseer kan word nie. Van Ruler beklemtoon dat daar *noodsaaklikheid* moet wees wanneer 'n nuwe belydenis opgestel word: „De Geest moet ertoe drijven. De actuele situatie moet ertoe dwingen. Dat kan men niet zo maar eens proberen".[5] Van Ruler sê verder dat dit ook *wenslik* moet wees en gee sy blydskap te kenne „dat het met die proeve van belijden niet zo snel gaat in de richting van een nieuw belijdenisgeschrift in optima forma".[6] H. Ridderbos bevraagteken dit of die kerk vandag werklik in staat is om 'n nuwe belydenis voort te bring. Die vraag is of die kerk nog die krag en die heilige geesdrif en die geloof het om dieselfde te sê (homologein) in die idioom van vandag wat die Woord van God in die eerste instansie gesê het. Is die kerk nie te verdeeld en te veel in verwarring nie?[7]

Dit staan vas dat die kerk sonder die verligtende en ondersteunende werking van die Heilige Gees en sonder die kinderlike luister na die Woord van God in geen enkele tydsgewrig reg kan

laat geskied aan die konfessionele erfenis van die verlede of aan 'n nuwe belydenis in die toekoms nie.

Die konfessie mag nie soos 'n dooie leerstuk wees nie, maar dit moet wees soos 'n hart in 'n lewende liggaam.[8] Ons mag nie in geestelike luiheid op die tradisie bly teer nie; reformerend moet voortgebou word; die refleksie en reproduksie van die waarheid van God mag nie stilstaan nie. Om tot rypheid in die voortgesette konfessionele besinning te kom, moet die kerk, dit is die mense, die lidmate, nie wat hulle geloofskennis betref en t.o.v. hulle verdieping in die geestelike skatte wat hulle reeds besit, aan verskraling en geestelike bloedarmoede ly nie.

Wanneer daar grondige kennis van die Belydenis is en die Belydenis inderdaad in die kerklike lewe funksioneer, sal dit stimulerend en bevrugtend werk om tot verdere uitbouing van die Belydenis of om desgewens tot nuwe belydenisfiksering te kom.

## C. Die „Proeve" in oënskou

Die generale Sinode van Dordrecht (1971/73) Gereformeerde Kerken in Nederland (Synodaal), het aan proff. G. C. Berkouwer en H. N. Ridderbos opdrag gegee om vir die kerke 'n eenparige geloofsgetuienis op te stel wat as basis sou kan dien vir „een nieuw belijden in gemeenschap des geloofs met het belijden der vaderen". Belangrike vraagstukke in hierdie tyd moes ook binne die gesigsveld gebring word. Terwyl daar eeuelank by die ou vaandels gelewe is, moes 'n nuwe „oriëntasiepunt" gevind word; die wesenlike sake wat vandag die aandag in beslag neem moes aan die orde gestel word, terwyl die eie geloofsoortuiging onder woorde gebring moes word. Die sentrale inhoud van die Belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie moes duidelik belig word.

Die bedoeling was dat die „Proeve" as voorbeeld moet dien hoe 'n nuwe belyde daar eventueel sou kan uitsien. Die „Proeve" wat toe die lig gesien het, bestaan uit twee onderafdelings, te wete (1) die inleiding handel oor wat 'n belydenis is en hoe die kerk tot so 'n belydenis kom (daarin vind ons o.m. 'n gedeelte wat handel oor die Heilige Skrifte, die Ou en N.T., en die gesag daarvan; (2) die inhoud van wat die kerk o.g.v. die Heilige Skrif bely. Dit beslaan tien punte (artikels) wat agtereenvolgens handel oor (i) God onse Vader; (ii) God en mens; (iii) Jesus Christus, God se Seun, onse Here; (iv) Regverdiging en versoening; (v) Die ryk van Christus; (vi) Die kerk; (vii) Doop en Nagmaal; (viii) Die H. Gees; (ix) Kerk en wêreld; (x) Die „toekomst des Heren".

In die „Bezinning" word inhoudelik uitvoerig rekenskap gegee van wat in die „Proeve" in die vorm van belydenis-uitsprake geponeer word; die agtergronde en motiewe van wat in die „Proeve" ter sprake gebring word en die wyse waarop dit geskied: wat dit is om te bely; dat dit die hele mens opeis; dat dit 'n missionêre dimensie het; dat dit slegs moontlik is o.g.v. aandagtig luister na die openbaring van God in sy Woord; die noodsaak van die konsentrasie; die wyse waarop die Woord van God in die woorde van mense tot ons kom; die doel van die openbaring; die middelpunt

en aard van die Evangelie, ens.

In die „Proeve" is 'n sterk „konsentrasie" nagestrewe. Dit wil nie sê — aldus die opstellers — dat alles wat hulle nie uitdruklik of uitvoerig opgeneem het, as van geringe betekenis geag word nie. Inteendeel. „Veeleer zijn wij van overtuiging, dat in de belijdenis van het christelijk geloof nauwelijks een scheiding is aan te brengen tussen hetgeen wel of niet belangrijk genoemd kan worden, aangezien alles wat tot het belijden van de kerk behoort zijn betekenis ontvangt uit het centrum Christus". (Verantwoording van deputaten).

*Van die kant van die Geref. Kerken in Nederland (Synodaal) is baie gunstige kommentaar gelewer.* Die sinode van Haarlem het die „Proeve" trouens eenparig goedgekeur. K. Runia skrywe (Centraal Weekblad, 9 Febr. '74) dat die volgende die „Proeve" kenmerk: (1) Die toonsetting is een van blydskap en dankbaarheid. Die Evangelie is 'n blye saak. Die belydenis van hierdie Evangelie is ook allereers 'n saak van blydskap en verwondering. Om te bely is 'n kwessie van *moet,* maar allereers 'n kwessie van *mag!* (2) D.i. 'n *konsentrasie* van belyde. (3) Daar is 'n positiewe aanpak en opset. Dit gaan om wat ons in ons tyd en omstandighede glo. Dit is nie ingeklee in die vorm van opsetlike „verwerping van dwalinge" soos bv. nadruklik in die Dordtse Leerreëls en in gedeeltes van die N.G.B. nie; tog weet elkeen wat die „Proeve" noukeurig lees heel goed wat ons wel en wat ons nie glo nie. Dit is duidelik dat die „Proeve" Runia baie goed in die smaak val.

In die rapport van die betrokke kommissie aan die Sinode is op die volgende belangrike aksente in die „Proeve" gewys: (1) Daar word duidelik uitgespreek dat die Bybel die Woord van God is. Natuurlik is dit God se Woord in die woorde van mense. Daar is daarom ook ruimte vir historiese ondersoek van die Bybel. Maar juis omdat dit God se Woord in woorde van mense is, kom God Self langs hierdie weg tot ons met sy gesaghebbende woord. (2) Die middelpunt van die Evangelie is te vind in die boodskap van die versoening en die bediening van die versoening, d.w.s. die oproep: Laat u met God versoen! Aan die versoening lê die oorname van ons skuld deur Christus ten grondslag. As die Lam van God het Hy op ons plek gaan staan en het Hy ons skuld gedra en weggeneem. Deur sy versoenende sterwe word aan ons vergewing en regverdiging geskenk. Die plekbekledende offer van Christus is ook die grondslag vir elke vermaning. Maar daardie vermaning is dan ook dermate klemmend dat sonder die oproep tot 'n nuwe lewe, die daad van God se versoening in Christus nie reg verstaan kan word nie. (3) Met Jesaja 58 word die realiteit van die omkeer getoets aan die gedrag teenoor die medemens. Ons mag in geen geval, uit reaksie teen elke sg. horisontalisme, ook maar iets afdoen van die klem van God se Woord ten aansien van die medemenslike verhoudinge nie. (4) Sekularisasie bestaan nie daarin dat aan die medemenslike en wêreldwye verhoudinge te veel aandag bestee word nie (daar kan in navolging van Christus nooit te veel aandag aan bestee word nie!). Maar dit bestaan daarin dat ons

liefde in die plek kom van God se liefde, ons barmhartigheid in die plek van sy barmhartigheid, of, anders gesê, dat dit 'n wet word sonder evangelie. (5) God se heil gaan nie op in ons dade nie. Daarom spreek ons van 'n toekomsverwagting. Maar dit mag nie verskraal tot 'n pessimistiese instelling wat nouliks meer blyke gee van geloof in die oorwinning van die magte deur Christus nie. So 'n pessimisme staan die bereidheid om die bose te weerstaan in die weg. Tereg lê vr. 123, H. Kateg., die nadruk op ons verantwoordelikheid vir en betrokkenheid op God se koninkryk in die hede en op die weg na die toekoms. Dit gaan dus hier om die diepste dinge van ons lewe, om die geheim van God se handele met ons. Dit gaan hier om ons taak en roeping in hierdie wêreld.

Ons mag en wil die oë nie sluit vir dit wat in hierdie „Proeve" hoog te waardeer is nie. Van buite die geledere van die Geref. Kerken (Synodaal) het m.i. al te felle negatiewe en gevolglik eensydige kritiek op die „Proeve" gekom veral uit die kringe van die Ned. Hervormde Kerk (o.a. K. Exalto en C. Graafland), die Geref. Kerk (Vrijgemaakt) en, veel meer verantwoord van die Christelike Geref. Kerk. E. Masselink (Verontruste) het in Waarheid en Eenheid sy bedenkinge in verdoemende trant gelug.

*Punte van kritiek wat m.i. in meerdere of mindere mate op goeie gronde berus,* is die volgende: Ons kry hier met 'n baie duidelike reduksie van die bestaande Belydenis te doen. Artikels oor o.a. die Drie-eenheid (die sentrale in die Apostolicum) die Heilige Skrif, die Voorsienigheid, verkiesing en verwerping en die laaste oordeel is tersyde gelaat. Is die belydenis hiervan dan van minder wesenlike betekenis? Daar word gespreek van die uitverkiesing *van die gemeente,* terwyl die H.S. ook baie duidelik van die *persoonlike* uitverkiesing en verwerping spreek. Die H. Skrif word getuienis van die Openbaring genoem. Hiermee word die Skrif self aan die openbaring onttrek. Die H. Skrif is dan niks meer as die woord van mense wat God se openbaring vertolk nie. Daar word te kenne gegee dat die Skrif nie alleen wat die vorm betref nie, maar ook wat die inhoud betref, tydgebonde is. Baie sterk klem word op menslike bemiddeling gelê. Die H.S. is dan naderhand 'n blote „deurgee-gestalte" van vroeëre Godsontmoetinge. Die vermensliking van die H. Skrif is 'n gevaar wat in die „Proeve" nie besweer word nie, en dit in 'n tyd wanneer in die Geref. Kerken (Synodaal) daar teoloë is wat sterk aangespreek word deur die histories-kritiese Bybel-ondersoek. Hierdeur het daar gelowiges in die krisis van onsekerheid geraak. Gesien die stryd teen die moderniste, die vrysinnigheid, — 'n stryd waaruit hierdie kerke gebore is — sou 'n mens verwag het dat daar gewaarsku sou word teen die Skrifkritiese standpunte van Barth, Bultmann, Fuchs, Käseman e.a. Die menslike ervaring kry in die Skrifbeskouing 'n al te grote staanplek (vgl. Kuitert: Zonder geloof vaart niemand wel). Ondertussen is dit 'n ernstige vraag of die belydenis aangaande die Woord duideliker en regsinniger kan wees as in Art. 3, 5 en 7 N.G.B. Wat die belydenis a.g. God en mens betref, is daar 'n teenstrydigheid. Eers word gesê dat die mens sondig is „zover zijn

geschiedenis reikt" (p. 21), dan word weer gesê dat die geskiedenis van die menslike geslag 'n wending geneem het in stryd met sy goddelike bestemming. Oor die historisiteit van Adam en Eva word geswyg. Die uitoefening van die tug as kenmerk van die ware kerk word verswyg (art. 6). Die ware kerk is, volgens die „Proeve", moeilik te herken, terwyl die N.G.B. (art. 29) die teenoorgestelde konstateer. („Hierdie twee kerke kan maklik geken en van mekaar onderskei word").

Die vrae van hierdie tyd geniet tog nie so besonder veel aandag nie. Om akute probleme word heengeloop, sy dit dan „op knappe wijze" (J. H. Velema). Die probleem kerk en volk, die onderskeiding van verskeidenheid en geskeidenheid; die verskynsel van valse ekumenisiteit, Neo-Pentakostalisme; kommunistiese en Neo-Marxistiese infiltrasie (die gees van die revolusie), etiese vraagstukken wat brandend is (aborsie, euthanasia, homofilie, moderne oorlogvoering (wapens) geniet nie aandag nie. Die verband tussen regverdiging en heiliging is nie suiwer gestel, soos ons dit in Sondag 24 H. Kateg. en art. 24 N.G.B. vind nie; gevolglik word die dwaalleer van Wiersinga nie duidelik weerlê nie. Die ondergrawers van die gereformeerde leer word nie pertinent aangewys nie. Hierteen moes juis 'n harnas gebied gewees het. Die kenmerkende trekke van 'n gereformeerde belydenis, die murg van die gereformeerde religie, ontbreek (die lig van die genade wat skyn teen die duistere agtergrond van die mens se totale verdorwenheid, sy verlorenheid, is verdof).

Dit moet betwyfel word of die „Proeve" die Drie Formuliere verhelder en digterby bring, en of die niveau en die krag van 'n belydenis aanwesig is. Daar is eenparigheid gesoek in 'n „konsentrasie" van die belydenis, „in en ondanks alle verschillen die onder ons niet te loochenen zijn". Ter wille van die eenparigheid het die konsentrasie die trekke van 'n reduksie. Hierdie benadering is gemotiveer deur die heimwee na die tyd toe die geloof in 'n hegte eenheid bely kon word. Die „Proeve" wil aanstuur op 'n konsentrasie van die een nodige. Die kriterium kan maklik, waar dit juis gaan om die verstaanbaarheid van die mens in hierdie tyd te bevorder, ontleen word aan eietydse opvattinge en strominge in die denke, ook die teologiese denke. Nou kom die ernstige vraag of hierdie „konsentrasie" nie met *'n inhoudelike verskuiwing* gepaard gaan nie. Ons sal wel van 'n konsentrasie kan spreek, maar feit is dat die reformatoriese belyde self al 'n sterk gekonsentreerde belydenis is, soos dit duidelik gekonsentreerd is op die hart van die christelike geloof.

Die „Proeve" sou 'n belangrike bydrae gelewer het as dit die neiging om al te ligvaardig oor die gebrekkigheid van die Drie Formuliere van Eenheid te spreek, teengestaan het. Dit moes ook die oë meer oopgemaak het dat daar dinge is wat nuut op die gereformeerde mark gebring word, maar daar was al vroeër opvattinge hieromtrent; die verskil is net dat dit toe uit die vrysinnige en etiese hoek gekom het. Dit is maar 'n met ander woorde na-sê van wat in die nie-gereformeerde teologie al veel eerder gesê

is. 'n Kerk wat so innerlik verdeeld en verward is as die „Sinodale" Gereformeerde Kerken, kan moeilik daartoe kom om „met die heilige Skrif alle dwalinge en ketterye te weerlê wat in stryd is met hierdie suiwere leer" (Bevestigingsformulier, bedienaars van die Woord). Dit sou die Kerken veel verder gebring het as daar 'n dringende appèl uitgegaan het om by vernuwing groot erns te maak met 'n grondige kennis en belewing van die Drie Formuliere van Eenheid. As die bestaande Belydenisse na behore geken en beleef word, sal dit perspektiewe open en 'n vertrekpunt bied om tot verdere belyde te kan kom.

## D. Die kern waarom dit steeds in die belydenis moet gaan

In die „Verantwoording van deputaten" wat saam met die „Proeve" gepubliseer is, word onder die opskrif „Het belijden van de naam" (p. 13) die regte sleutel vir die kerk in verband met die vervulling van sy belydenisroeping deur die eeue tot aan de voleinding gegee: „Het belijden der kerk is niet te vereenzelvigen met een „levens- en wereldbeschouwing", met een bepaalde kennisinhoud, waarover in de school van het denken discussies mogelijk zijn, maar het is wezenlijk verbonden met het belijden van de Naam van de Heer in het N.T., dat staat onder de belofte dat de naam van de belijder beleden zal worden voor de Vader en de engelen Gods. Waar het besef van de verbondenheid van de belijdenis der kerk met dit belijden van de Naam begint te wijken of te verzwakken wordt de ernst en de diepe klank van het woord belijden prijsgegeven en verdwijnt het besef, dat de gemeente in haar belijden en verkondiging licht der wereld, stad op een berg en zout der aarde is en moet zijn. Haar opdracht is hierin alle verduistering tegen te staan als verduistering van de enige Naam tot behoud, gelijk ze meermalen tot schade van de kerk en van de wereld in de kerk een rol heeft gespeeld". In die „Proeve" om tot 'n nuwe belydenis te kan kom, is niet met hierdie oriëntasiepunt genoegsaam verder gewoeker nie, behalwe vir die uiters belangrike perspektiewe in art. 3 en 5 van die „Proeve".

Die nadruk val tereg in die aanhaling hierbo daarop dat die belydenis *'n persoonlike karakter* moet dra (die „Naam" wat bely moet word is immers identies met die Persoon, Jesus Christus). In die H.S. word op Jesus Christus, die Seun van God, in sy Persoon en werk die belyde betrek. Die belydenis is dus nie bedoel om bloot 'n stukkie dogmatiek, 'n teologiese traktaat of diepsinnige verhandeling te wees nie.

In die N.T. word die geloof in Jesus Christus, die Seun van God, betuig (Mark. 9 : 23—24; Joh. 4 : 42; 6 : 68—69; 9 : 38; 11 : 27; 16 : 30 ens.). Jesus is die Christus (Joh. 9 : 22). Hy is die Here (1 Kor. 12 : 3; Filipp. 2 : 11). Hy is die Seun van God (Hand. 8 : 37; Hebr. 4 : 14; 1 Joh. 4 : 15; 5 : 5). Dit is 'n kort samevatting van die Evangelie. Die leer het as inhoud die openbaring van die drie-enige God en van Jesus Christus, die enigste Middelaar (Joh. 17 : 3; 1 Tim. 2 : 5—6). Volgens die H. Skrif is die verkondiging

van die drie-enige God van die aanvang af oorheersend in die apostoliese prediking (1 Kor. 6 : 11; 2 Kor. 1 : 21—22; Efes. 1 : 11—13; 2 : 18; 3 : 14—17; 4 : 4—6; 2 Thess. 2 : 13, 14; Tit. 3 : 4—6; 1 Joh. 5 : 7; Judas : 20, 21). *Die kern van die latere simbole van die kerk is hierin aangedui.* Die naam kurios spreek van Christus se goddelike majesteit en van sy verhoging aan God se regterhand (1 Thess. 1 : 9—10).

Die belydenis in sy N.T. verskyning en oorsprong is dus op *'n Persoon* gerig, nie op 'n abstraksie nie, heel konkreet. En deur Jesus Christus, tweede Persoon in die Drie-eenheid, op die Drie Persone in die heilige Drie-eenheid. Die Naam kurios laat ons God ken as die magtige (kuros, d.i. mag); die Here, die Eienaar, die Heerser wat regtens mag en outoriteit besit (vgl. S. Herner: Die Anwendung des Wortes Kurios im N.T. Lund, 1903).

*Teenoor Jesus Christus as Kurios het sekere Romeinse keisers wat aan hulleself goddelike eer laat toebring het,* as Kurios gestaan. Die keiservergoding was van Augustus af tot Diocletianus van die Romeinse keiserryk die mees kenmerkende trek.

Van Julius Caesar is in 'n volksvergadering in Efese verklaar dat hy die van Ares en Aphrodite afstammende god op aarde is, die algemene heiland vir die wêreld. Na sy dood is aan Caesar die titel divus Julius deur die Romeinse senaat toegeken.

Die Romeinse parlement het aan Octavianus (seun van Caesar-divus Julius) die titel Augustus toegeken, wat hom as inkarnasie van Zeus en „aanbiddingswaardige" heerser vér bo die niveau van enige mens laat uitstyg het. Toe daar in die jaar 17 voor Christus 'n buitengewone ster aan die firmament verskyn, het Augustus dit beskou as die aangewese tyd om 'n flambojante adventsfees van twaalf dae te organiseer. Alles het in die teken van 'n proklamasie gestaan dat die hoogty van ewigdurende vrede en welvaart vir die aarde aangebreek het. By die geleentheid is hy reeds spruit van Venus genoem. In dieselfde jaar is 'n ontsaglike marmer standbeeld van die keiser opgerig wat hom in die simboliese taal van die adventsfees verheerlik as die eindelik gekome heiland van die wêreld. Nietemin het Augustus elke offisiële vergoddeliking van homself volstandig afgewys, terwyl hy Caesar as Divus Julius met goddelike eer en by wyse van 'n mooi tempel laat vereer het. Daar was egter 'n senaatsbesluit dat aan die genius van die keiser goddelike eer bewys moes word.

Gaius Caligula het homself met verskeie gode soos Heracles, Zeus en Dionysus vereenselwig. Hy het homself as die inkarnasie van alle gode beskou en homself te Rome offisieel as godheid laat vereer. Nero het homself ook as godheid laat vereer. In Korinte laat hy hom ontvang as 'n heiland wat uit die hemel gekom het; hy laat hom in die stadion aldaar as Zeus aankondig wat die vryheid gebring het. Domitianus laat homself aankondig as Dominus et Deus, Here en God. Domitianus wou nie maar net as die seun van Jupiter aangesien word, as sy erfgenaam en die uitvoerder van sy wil nie, maar ook as die aardse verskyning van die koning van die hemel. Orals in die ryk het Domitianus vir homself beelde laat

oprig; in Efese selfs 'n geweldige tempel met 'n kolossale keiserbeeld. In sy regeringstyd bevind die apostel Johannes hom as balling op Patmos.

*In die aangesig van die keiservergoding, word Jesus Christus, die Lam van God, in die boek Openbaring bely as die Here van die here en die Koning van die konings (Openb. 17 : 14; 19: 16).*

Terwyl die keisers, o.a. Nero, op goddelike waardigheid aanspraak gemaak het, en as Here beskou is, vind ons dat die Naam Here (Kurios) by uitstek die Naam is waarmee veral Paulus Jesus Christus bely. Die teëstelling tussen die keisers van Rome en Jesus Christus as Here kan in die Nuwe Testament opgemerk word. In 1 Kor. 8 : 5, 6 skrywe Paulus: „Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is — soos daar baie gode en baie here is — tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit Wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur Wie alles is en ons deur Hom". In 1 Kor. 12 : 3 verklaar hy: niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees (vgl. Filipp. 2 : 11: „en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader"). Nie die keiser is Here nie, maar Jesus Christus is Here (Kurios).

In 'n inskripsie uit die jaar 2 voor Christus word die keiser van Rome „grote god en herder" genoem. Hierteenoor geld die woord van Paulus in Titus 2 : 13 waar hy spreek van „die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus", en ook die woord van Petrus in 2 Petr. 1 : 1 waar hy spreek van „onse God en Verlosser, Jesus Christus".

In die Openbaring van Johannes word verskillende male op die praktyk van die keiserverering gesinspeel. In Pergamus was „die troon van die Satan" (Openb. 2 : 13). Reeds in 29 voor Christus is in Pergamus 'n tempel aan die goddelike Augustus toegewy. Klaarblyklik het Johannes ook die keiservergoddeliking op die oog in sy tekening van die dier wat uit die see opkom (Openb. 13). (Gegewens ontleen aan prof. Schalk Duvenage: Die dekor van die Nuwe Testament, Pro Rege, Potchefstroom, 1975, p. 118 e.v.)

Daar is gevra na 'n godheid wat die eenheid en die majesteit van Rome kon verteenwoordig. Vir die bewussyn van die heidense oudheid was die grens tussen die Goddelike en die menslike nie so skerp en so streng getrek nie. Dus 'n vorm van inkarnasie. In die Romeinse keiserryk was die keiser die draer van die hoëre, die weldadige, die seënende mag. In 'n inskripsie uit die jare 9—4 voor Christus ter ere van die geboortedag van Augustus lees ons o.a. die volgende: „Hierdie dag het aan die aarde 'n geheel nuwe aansien gegee... Reg oordeel hy wat in hierdie geboortedag die begin sien van lewe en van alle lewenskragte; nou is die tyd verby dat die mense hulleself moet bekla dat hulle gebore is... Die allesbesturende voorsienigheid het hierdie man vervul met sulke gawes vir die verlossing van die wêreld, dat dit hom aanwys as die verlosser vir ons en vir die komende geslagte; aan oorloë sal hy 'n einde maak en alle dinge op 'n waardige wyse inrig. Deur sy verskyning is die verwagtinge van ons voorvaders vervul... Die ge-

boortedag van God het aan die wêreld blye boodskappe gebring... Sy geboortedag is die begin van 'n nuwe tyd". Domitianus het homself „Here en God" genoem. Die eed van trou in die Romeinse Ryk moes 'n konkrete vorm aanneem in die huldiging en aanbidding van die Romeinse keiser.

*Jesus is kurios.* Vgl. die opskrif: Joh. 19 : 19. Ter wille van hierdie belydenis is van die eerste christene voor leeus gewerp en ter wille van hierdie belydenis sal die laaste christene verdruk en vervolg word.

Aan die belyde is die marturein, die getuig, die martelaarskap verbonde. Dit het in die eerste Christelike kerk duidelik geblyk. Toe die kerk sy homologia van die gekruisigde en liggaamlik opgestane Here in die wêreld laat hoor het (sonder *hierdie* opstanding is Christus geen Here nie), — toe het die kerk in botsing met die Imperium Romanum gekom; die konflik het ontbrand tussen kurios kaisar en kurios Christos, die keiser is heer, Christus is Here. Hierdie belyde is met die dood beseël. Tegelykertyd was hierdie belydenis ook die toetssteen vir die geloof, die regula fidei. Niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe deur die Heilige Gees nie (1 Kor. 12 : 3; vgl. Hand. 17 : 7). Dit is 'n reël van die geloof wat as skerpe keur aangelê is (K. Dijk: a.w., p .67).

Paulus kom in sy briewe met die homologia: Jesus is Kurios (Rom. 10 : 9; Filipp. 2 : 11; 1 Kor. 12 : 3: dit is 'n formule wat in Paulus se tyd gebruik is — dit was aan die Korintiese christene bekend. (Kurios: meester, eienaar — Rom. 14 : 14; Gal. 4 : 1; Efes. 6 : 5 e.v.; Kol. 3 : 22 e.v. Dit is die N.T. vertaling van Adonai: God is die Eienaar, Besitter van alles).

Die belydenis Kurios Jêsous het lynreg gestaan teenoor die offisiële Romeinse konfessie Kurios kaisar (1 Kor. 8 : 5, 6; die kosmiese betekenis van God en Christus). „Therefore the expression, Kurios Jêsous in all probability had importance in the church's resistance against the caesar — cult of the Hellenistic world, just as eis Theos ho Pater and eis kurios Jêsous Christos did against the polytheistic religious environment" (V. H. Neufeld: The earliest christian confessions, p. 65/66). Die H. Skrif maak geen geheim daarvan nie dat die ware gelowiges wat Jesus Christus as *persoonlike* saligmaker, as kurios bely, in die tyd van die antichris weer vervolg sal word en baie verdrukkinge, lyde en smart sal verduur, soos in die dae van die Romeinse keisers.

Die *reformatoriese belydenisse* het bewustelik teruggegryp op die belydenisse van die kerk, kort na die Pinkstergebeure. Die verdere belydenisse is tewens net 'n eksplikasie van die oerbelydenis aangaande Jesus Christus as Kurios. So moet die sentrale inhoud van die eerste homologia's en van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie steeds duidelik in die lig gestel word. Wanneer antwoorde op nuwe vrae wat in die voortgang van die tyd na vore kom, gesoek word moet hierdie vrae en die beantwoording daarvan nie in kaders besyde hierdie fokuspunt, hierdie konsentrasie van die geloof op Jesus Christus as Kurios gestel word nie.

Die klem moet steeds baie sterk op *die persoonlike karakter* van die belydenis val. Dit beteken nie net dat 'n mens die belydenis

jou persoonlike eiendom moet maak nie (vgl. vr. 21, H. Kateg. Die geloof — 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het) maar dat die belydenis op *'n Persoon* gerig is. Dit gaan nie om *'n iets,* om abstrakte waarhede nie, maar om 'n Persoon. Die belydenis word al te maklik onpersoonlik, dit is nie 'n lewende waarheid nie, maar 'n abstrakte waarheid. In die ou Christelike kerk was die konfessionele ingesteldheid op die Naam van Jesus Christus, die Kurios. Hy wat sê dat Jesus die Here is, sal salig word (aldus Paulus) — dit is die Naam bo alle naam verhewe. Die ganse openbaring trek saam in die vernedering en verhoging van Jesus Christus, die Leeu en die Lam. Die apostolicum (Trinitaries: drie Persone, één wese, volgens die Doopformule, Matt. 28 : 19) is daarop gebou; op dieselfde wortel stoel Nicea, Athanasius en die Drie Formuliere van Eenheid. Ook vir die toekoms moet daar die regte konsentrasie wees, dat naamlik die hele belydenis om *'n Persoon,* Jesus Christus, die Kurios, sentreer, en in Hom die heilige Drie-eenheid. Dit moet 'n konsentrasie op die lewendige wortel van die belydenis wees. Die kerk moet 'n nederige getuie van die Kurios wees. Die martelaarskap (marturion) hang hiermee saam. Die belydenis mag, net so min as wat dit in die tyd van die keiservergoding die geval was, nou en in die toekoms van die konkrete lewenssituasie losgemaak word. Dit sou 'n oorvergeesteliking wees, 'n eensydige vashegting aan 'n ander wêreld. Daarby mag dit ook nie net 'n mondbelydenis, 'n „Here-Here"-geroep wees nie. Dit sal immers niemand daartoe bring om vir die geloof te sterwe nie. Wanneer Christus in Matt. 16 : 16—18 sy ecclesia van die ongelowige Jodendom afskei, bind Hy sy kerk dadelik aan die belydenis dat Hy die Christus is.

Die hele aksent moet op die woord van Christus val, vol, ryk, diep, suiwer soos geopenbaar: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde" (Matt. 28 : 19. „Der das sagt, der ist der Herr sowohl der Kirche wie auch der Welt. Aber Jesus Christus wird uns immer nur offenbar sein können als der Herr der *Kirche,* als der Herr der Welt ist er uns Verborgen ... Wenn wir dem Herrn der *Welt* gehorsam sein wollen, so kann dies nur geschehen, indem wir dem Herrn der *Kirche* gehorchen" (Grundfragen, beantwortet von prof. dr. Karl Barth, Nijkerk, Holland, s.j., p. 31).

Die oorspronklike belydenis: „Jesus Christus, die Kurios" moet bly *deurklink* tot vandag se teenstellinge. „Deurklink" is hier 'n sleutelwoord. Die klank mag nie verdof nie. Dit kan ligtelik gebeur deur humanisering, sekularisering, horisontalisering, verfilosofering, ens., in 'n proses van „aanpassing" by die tydgees, die moderne wêreldbeeld, ens. (vgl. H. M. Kuitert: o.a. Verstaat gij wat gij leest; Zonder geloof vaart niemand wel. Vgl. ook D. Sölle se standpunt in Stellvertretung dat Christus plaasvervangend optree terwyl God en mens na hulle identiteit op weg is).

Dit gaan ook by die „Proeve" eventueel om 'n *nuwe* belydenis. Die gemeente van die Here lewe tans in die nuwe verbond. Die Nuwe Testament bring inderdaad *nuwe* dinge. Maar hierdie „nuwe"

het reeds gekom. Dit is saamgetrek in die openbaring, in die belydenis: Jesus is die Here. Dit behels die begin- en eindkonfrontasie (keiservergoding tot by koms van Antichris) van die kerk in die Nuwe Testament.

Die teenstelling word gemaak: *oud en nuut.* Ons moet versigtig wees om die gedagte van die evolusie ongemerk op die H. Skrif oor te dra. Die oue was immers profesie, die nuwe is niks anders as *vervulling* nie. Die blomknop van die Ou Testament gaan in die Nuwe Testament oop. In die Nuwe Testament vind ons nie eintlik vernuwing nie, maar eerder *voleindiging.* Die oue mag nie revolusionêr afgeskrywe word nie. Langs die weg van reformasie moet die oue herstel word.[1]

Op die fondament wat daar gelê is, dit is Jesus Christus (1 Kor. 3 : 11 e.v.) moet gebou word. In Joh. 18 : 36 e.v. lees ons die woorde van Christus: „U sê dat Ek 'n koning is; hiertoe is Ek gebore en hiertoe het Ek in die wêreld gekom". Op Patmos word die hemel vir Johannes geopen; die verheerlikte Christus openbaar Hom dan as die Owerste van die konings van die aarde (Openb. 1 : 5), as die Lam wat die boek met sy sewe seëls oopmaak (Openb. 5), as die Christus van God aan Wie die mag behoort (Openb. 12 : 10); as die Lam wat volkome sal oorwin want Hy is Here van die here (Openb. 17 : 14; vgl. 19 : 16); as die Triomfator (Openb. 20 : 2, 3). Dit gaan om sy ryk en om sy koningskap waardeur Hy die gemeente vergader, onderhou, regeer en beskerm en die wêreld lei na die voleinding van die eeue. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, maar die wêreld is in al sy verbesonderinge ten volle betrokke.

Die beginkonfrontasie in die Nuwe Testamentiese bedeling was tussen Christus Kurios en Caesar Kurios. Die eindkonfrontasie sal wees Christus Kurios — Antichris Kurios. Christus se ampsbediening gaan deur as die Gesalfde met die Heilige Gees tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester (Hebr. 3 : 1; 4 : 14, 15; 10 : 21, 23) en tot ons ewige Koning (vr. 31, H. Kateg.). In die belydenis moet Hy as ons persoonlike Saligmaker in sy kruisiging, liggaamlike opstanding, sy hemelvaart en wederkoms die perspektiwiese middelpunt bly, teenoor die Antichris wat die teuels in die hande sal wil neem, wat 'n ersatz-priesterskap in selfgesentreerdheid sal beoefen en wat die dier uit die aarde (Openb. 13 : 11 e.v.) as handlanger sal hê met valse propaganda en ongeloofskennis en wetenskap wat Calvyn in sy kommentaar op 1 Kor. 3 : 19 „verderflike peste" noem.

Potchefstroom. Prof. P. J. Coetzee.

---

1 H. Volten: Rondom het Belijden der Kerk, J. H. Kok, Kampen, 1962, p. 181 e.v.

2 C. Augustijn: Kerk en belijdenis, J. H. Kok, Kampen, 1969, p. 7.

3 C. Augustijn: a.w., p. 71.

4 Artikel in „In die Skriflig", Des. 1974: Die vraag na 'n nuwe belydenisskrif.

5 A. A. van Ruler: Theologisch Werk VI, G. F. Callenbach B.V., Nijkerk 1973, 99.
6 A.w., p. 99.
7 Herman Ridderbos: International Reformed Bulletin, Summer 1970, p. 7: Toward a new confession.
8 K. Dijk: De dienst der kerk, J. H. Kok, Kampen 1952, p. 53.

LITERATUUR:

*H. Petersen:* The canons of Dordt, Baker Book House, Grand Rapids, 1968.
*Vernon H. Neufeld:* The earliest Christians confessions, W. B. Eerdmans, Grand Rapids, 1963.
*C. Graafland e.a.:* Reformatie — blijvende opdracht, J. H. Kok, Kampen, 1973.
*L. Doekes:* Credo, Ton Bolland, Amsterdam, 1975.
*M. P. van Dijk:* Nieuw Credo, J. H. Kok, Kampen, 19770.
*C. B. Bavinck:* in Christelijke Encyclopaedie, J. H. Kok, Kampen, s.j., III, p. 318.
*F. W. Grosheide e.a.:* Christus de Heiland, J. H. Kok, Kampen, 1948.
*G. C. van Niftrik:* Kleine Dogmatiek.
*Gereformeerd Weekblad:* 19 Oktober, 1973, 15 Maart 1974.
*Centraal Weekblad:* 9 Februarie, 9 Maart, 30 Maart, 6 April, 20 Julie 1974.
*De Reformatie:* 16 Maart, 23 Maart 1974.

---

## TOTIUS

*'n Klein vaal huisie teen die rand*
*het as kasteel vir hom gedien;*
*daar het hy as miljoenêr gewoon*
*omdat hy daar sy God kon sien.*

*Sy weelde was sy huisgesin,*
*sy skapies en die Vaalrivier;*
*die doringbome en voëlgesang*
*het sy plasie met God's lof versier.*

*Hy het homself hier weggegee*
*aan God se Woord in moedertaal;*
*hy het die Woord vir ons laat sing*
*en heuningstroop daaruit gehaal.*

*So het hy daar 'n Myn ontgin*
*en almal daarmee ryk gemaak;*
*hy het volk en kerk daarmee bedien*
*en oor die skape van sy God gewaak.*

*Hy had geen goud of silwer nie,*
*maar in sy God was hy skatryk;*
*sy sterrewag het ons gewys*
*hoe die poorte van die hemel lyk.*

Esje(